NG RIETFONTEIN-SUID PREEK UITGEWERK DEUR P JONKER [26-04-2020]

STILTE: WORD VIR ’N OOMBLIK STIL EN LEES PSALM 100 BIDDEND DEUR.

VOTUM: PSALM 100:3-5

Erken dat die Here God is:
Hy het ons gemaak en ons is Syne
ons is Sy volk, Sy eie kudde
Gaan Sy poorte binne met dankliedere, Sy tempel met lofsange,
dank Hom, prys Sy Naam, aan Sy liefde is daar geen einde nie,
Sy trou duur van geslag tot geslag.

SEËNGROET:

Mag die vrede van God, wat álle verstand te bowe gaan, vanoggend oor jóú en jou gesin wees.

LIED: LB 163

Soos ’n wildsbok wat smag na water;
smag my siek na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.
U alleen is my bron van krag,
in U teenwoordigheid wil ek wag.
U alleen is my hartsverlange,
en ek bring aan U die eer.

SKRIFLESING & BOODSKAP:

- **FILIPPENSE 4:2-9**

[Agtergrond]

Om die diepte van hierdie verse in Filippense 4 te verstaan, is dit nodig om net vir ’n oomblik stil te staan by die agtergrond van hierdie brief.

Die Brief aan die Filippense vorm deel van een van die vier briewe wat as Paulus se gevangenskapbriewe bekend staan. In Filippense 1:7 lees ons dat Paulus ’n **gevangene** was terwyl hy hierdie brief aan die gemeente in Filippi skryf. Om in die tronk te wees was een van die baie terugslae wat Paulus ter wille van die evangelie moes verduur. Vir Paulus

was dit emosioneel ’n geweldige moeilike tyd want hy was in ’n voortdurende spanning oor sy uiteindelike lot. Die owerheid moes ’n beslissing oor hom maak, en die kans was goed dat hy die doodstraf sou kry. Uit die brief kan ons aflei dat Paulus ’n baie hegte verhouding met die gemeente in Filippi gehad het. In Filippense 4:1 sê Paulus vir die gemeente dat hulle sy blydskap en kroon is. Alles wat hy in die brief skryf dra ’n besonder persoonlike karakter en in hierdie brief word meer van sy eie hart blootgelê as in enige van sy ander briewe.

Die gemeente in Filippi vir wie Paulus skryf was die eerste gemeente volgens Handelinge 16 wat in die Griekse-Romeinse wêreld tot stand gekom het. Die gemeente self het **baie moeilike** en **onsekere omstandighede** beleef. Finansieël het sommige van die gemeentelede swaargekry en begin wonder of dit nog die moeite werd was om Christene te wees. Die inwoners in Filippi wat nie Christene was nie, het die lewe vir die gemeentelede in vele opsigte moeilik gemaak. Die gemeentelede het egter ook te doen gekry met ander mense wat beweer het dat hulle Christene was, maar vreemde idees gehad het oor ons geloof.

[HOOFTEMA IN DIE BRIEF]

Filippense word baie keer die brief van blydskap genoem of selfs Paulus se vreugdebrief. Die gedagte van blydskap te midde van swaarkry en lyding staan sterk op die voorgrond. Ten spyte van die moeilike omstandighede waarin Paulus is, maak hy die merkwaardige stelling: “Wees altyd deur bly. Bid sonder ophou. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle” [OAV]. Ten spyte van die feit dat Paulus verhoorafwagtend in die tronk is, en die gemeente self verskeie moeilike omstandighede in die gesig staar, beveel Paulus die gemeente om altyd deur bly te wees [4:4]. Paulus, die man wat soveel moes ontbeer vir die evangelie, beveel die kerk om áltyd bly te wees ongeag wat hulle tref.

Ons elkeen staar gereeld moeilike omstandighede in die gesig. Vandag leef ons in ongekende tye. Ons is gespanne, bekommerd en onseker. Om die kersie op die koek te sit, is die meeste van ons in ons huise vasgekluister en dit opsigself kan mens nogal die mure uitdryf. Ek dink wat hierdie Covid-19 situasie die ergste maak is dat mens half voel jy is nie meer in beheer nie. Jy kan niks doen nie! Tog sê Paulus vanoggend dieselfde vir ons: “Hou moed! Wees bly en dankbaar, altyd en deur alles.”

Vir Paulus is daar hierdie besonderse verhouding tussen blydskap en dankbaarheid. Dankbaarheid is 'n natuurlike uitvloeisel van blydskap. As ons Paulus sou vra hoe dit moet wys dat ons gelowiges is, sal hy waarskynlik antwoord dat ons blydskap en dankbaarheid twee van die belangrikste vertoonvensters is. Blydskap en dankbaarheid hoort inherent by geloof. Dit moet deel vorm van ons lewe. Dit moet eintlik as te ware 'n manier van lewe word en nie bloot net 'n gevoel wees nie. Ons moet bly en dankbaar wees, nie net wanneer ons 'n rede het nie, maar onder alle omstandighede. Volgehoue blydskap en dankbaarheid mag nooit afhang van ons omstandighede of ons gemoedstoestand of emosies nie. In Handelinge 16 word die verhaal vertel van Paulus en Silas wat in Filippi teenkanting van die mense ontvang het. Hulle klere is van hulle afgeskeur, hulle is met stokke geslaan en in die tronk gegooi is. Dieselfde dag, terwyl hulle in die tronk sit, met hulle voete wat in houtblokke vasgeklem is, het hulle albei gebid en lofliedere aan God gesing om so uitting te gee aan hulle blydskap en dankbaarheid. 'n Prediker het een keer gesê "a heart in tune with God can sing praises even in the darkest night."

Die soort dankbaarheid en blydskap wat Paulus ons wil leer is nie iets wat vanself gebeur nie, maar eerder iets wat ons moet aanleer en moet in oefen. In ons teksgedeelte van vanoggend gee Paulus vir ons 'n eenvoudige **driepunt plan** wat ons kan help om krisistye, wat belaai is met angs en bekommernis, te hanteer.

1. WEES BLY

Ons weet dat Paulus verhoorafwagtend in die tronk is, en die uitspraak van die keiser oor sy toekoms is onduidelik. Tog ervaar Paulus 'n diep vreugde. Die diepste rede vir hierdie blydskap sien ons in die woorde "wees bly *in die Here*". Jesus is die basis vir Paulus se blydskap. Omdat Jesus die basis is, en nie uiterlike omstandighede of gevoelens nie, het Paulus altyd 'n rede om bly te wees. Jesus word die bron van Paulus se blydskap. Dit wat Jesus vir ons gedoen het, en nog steeds vir ons doen, is die wortel waaruit hierdie blydskap groei.

Die verskil tussen die soort blydskap wat Paulus in gedagte het en alle ander soorte blydskap is dat ander soorte blydskap uit die mens self kom. Juis omdat dit mensgemaakte blydskap is, is dit ontsettend kwesbaar. Dit is afhanklik van dit wat ons reg kry of van die omstandighede waarin ons onsself bevind. As ons prestasies ophou of ons omstandighede verander, kan dit maklik gebeur dat ons blydskap "opdroog". Die blydskap

in die Here is heeltemal anders - dit vloei voort uit dit wat Jesus vir ons gedoen het en die feit dat ons aan Jesus behoort en dat God naby is. Hierdie soort blydskap kan in enige tyd en in enige plek ervaar word, omdat dit elke situasie te bowe gaan.

Nou kan ons onsself afvra of hierdie blydskap in alle omstandighede nie onrealisties is nie. 'n Mens voel nie altyd bly nie. Paulus ontken nie die natuurlike wisseling van gevoelens nie. Maar die blydskap waarvan Paulus praat is eerder 'n "standhoudende onderstroom". Dis nie altyd 'n vrolikheid nie, maar 'n blydskap *in die Here*. Ook as dit moeilik gaan, bly ons in die goedheid van God. Vir Paulus is die rykdom van God se goedheid soos 'n oneindigende oseaan wat oorloop en nooit ophou oorloop nie. Ons blydskap en vreugde lê nie in ons omstandighede vasgevang nie. Ons blydskap is in die Here en Hy anders as ons omstandighede verander nooit nie. In elke seisoen van ons lewe bly Jesus dieselfe.

ONTHOU: DIE HERE IS ÁLTYD NABY

In vers 5 sê Paulus dat hierdie innerlike blydskap nie net iets is wat ons intiem beleef nie, maar dit word 'n lewenshouding na buite. Die blydskap wat ons in Jesus beleef moet prakties na vore kom in die manier waarop ons optree. Die blydskap en goedheid wat God ons gee moet ons so oorneem en nuut maak dat ons dit weer aan ander mense kan aangee. In die tweede deel van vers 5 gee Paulus 'n baie belangrike rede oor hoekom ons "inskiklik" teenoor ander mense moet wees: *die Here is naby*. Die nabyheid van die Here verwys eerstens na die wederkoms van Jesus wat naby is. Maar dit wys ook op die oomblik-na- oomblik naby wees van God. Ons as gelowiges se lewe is altyd *Coram Deo* - 'n lewe voor die aangesig van God. In die eensame donkerte het Paulus die nabyheid van God ervaar en dit het bygedra tot Paulus se blydskap.

Die Bybel is natuurlik vol van verskillende beskrywings van die nabyheid van God en hoe mense God ervaar het. In die Ou Testament is daar veral twee voorbeelde wat die nabyheid van God baie treffend beskryf:

- Die eerste voorbeeld is die bekende Psalm 121. In die tweede deel van vers 5 sê die digter letterlik "die Here is jou skaduwee aan jou regterhand". In die Ou Testament, het die vegters/soldate altyd hulle skild aan die linkerkant gedra. 'n Soldaat se regterkant was altyd oop, en die regtersy is beskou as die onbeskermde kant en 'n "sagte teiken". Hierdie vers sê só mooi dat God eintlik dáár is waar ons broos, swak, hulpeloos en 'n "sagte teiken" is. God kom naby aan óns en dit

verander alles! Tydens Covid-19 en al die uitdagings wat dit gee, kan ons nogsteeds fokus op God se nabyheid en ons kan nogtans God se goedheid ervaar en vier.

- ’n Tweede voorbeeld is Jesaja 57:15 waar God beskryf word as die Hoë, verhewe Een, wat vir altyd bestaan en wie se Naam die Heilige is, maar op ’n besondere manier by die een is wat “verdruk” word. Die God wat woon in ’n hoë, heilige plek is terselfdetyd saam met diegene wat swaarky, mismoedig, hopeloos, berouvol en nederig is. God is nie ’n veraf God nie. God ontferm Hom oor diegene wat in afhanklikheid van Hom leef. Na aanleiding hiervan sê een prediker dat God is ‘n “Companion on the way and a Fellow sufferer of His people.” God word soveel keer uitgebeeld as die Een wat Homself weggee vir Sy mense, saam met Sy mense ly en wat saam met Sy volk ellende beleef. Dit is troos om vanoggend te weet dat in hierdie Covid-19 is die Here naby óns, die Heer ly saam met óns en God is steeds in beheer.
    - Paulus was onskuldig gearresteer. Onvriendelik en onregverdig behandel. Hy’s van die pad afgestamp, maar steeds in die wedloop van geloof. Hoekom? Paulus het vertrou. Hy het op God se nabyheid, leiding en beheer vertrou. Hy het nie geweet hoe alles gaan uitspeel nie. Maar hy het geweet Wie in beheer is. Ons weet nie hoe alles gaan uitdraai nie, maar ons weet Wie in beheer is. Daarom hoef ons nie die heeltyd op die “hoe” en die “hoekom” te fokus nie.

2. GEBED

Vir Paulus lê daar diep rykdom in die moeilikhede van die lewe, want dit bring ons nader aan God. Een van die maniere om nader aan God te beweeg is deur gebed. ’n Lewe met God begin eintlik by gebed. God het ons so lief dat Hy by ons pleit dat ons ook met ons kleinste bekommernisse en begeertes Sy hulp sal vra. God sê vir ons dat Hy soveel tyd vir ons het, dat niks te klein is om na Hom te bring nie. Alles wat op ons hart is, klein en groot, saam met al die emosies wat daarmee saamgaan, kan ons reguit na die Here toe bring.

Paulus weet dat God elke gebed wat uit sy hart opkom duidelik hoor. Daarom bid hy maklik en aanhoudend. Bekommernisse, gevare, behoeftes, die toekoms en al die ander dinge is in God se hande. In Paulus se oë is sy probleme God se probleme, want sy lewe

en werk is God se saak. Ons hoef nie altyd te probeer om woorde te gee aan ons seer of pyn nie. Die ervaring van pyn kan soms te groot word vir woorde. Ons hoef nie altyd te voel ons slaag wanneer ons bid nie. Wanneer ons woorde nie kan bykom nie, kan ons gebed steeds voortgaan. Paulus skryf oor die algemeen nie baie van gebed nie, want dis vir hom so 'n vanselfsprekende deel van ons geloofslewe. In ons Filippense teks is daar egter vier riglyne wat oor gebed voorkom:

- Ons moet gereeld van gebed gebruik maak. Die wonder is, hoe meer ons bid, hoe meer ervaar ons die Here se vrede en kalmte in ons harte.
- In ons gebede behoort ons openhartig te praat oor wat nou in ons harte beweeg. Ons verhouding met God, word gebou op die feit dat ons altyd en in álle omstandighede tyd met Hom deurbring.
- Ons is genooi om met ons hele hart te bid, smekend.
- Ons kan rêrig glo dat God Hom deur ons gebede laat beweeg.

3. DANKSEGGING

Gebed gaan ook gepaard met danksegging. Danksegging begin by God. Een van die beste maniere om nie op ons omstandighede of emosies te fokus nie, is om te begin dankie sê. Danksegging draai die kollig van ons, en ons probleme, en ons emosies af weg en plaas dit dadelik op God. Soos wat ons God begin dank, kry ons nuwe perspektief op dit wat ons huidiglik in die gesig staar. Ons hoef nie dankie te sê vir ons omstandighede nie, maar ons kan altyd in ons omstandighede dankie sê. Ongeag die omstandighede waarin ons is, is daar altyd iets waarvoor ons dankbaar kan wees. Baie maal fokus ons op God se hande - op dit wat Hy vir ons kan gee. Ja, God is 'n vrygewige God wat ons seën in 'n oorvloed en daarvoor moet ons gereeld dankie sê. Maar dikwels wanneer ons in moeilike omstandighede is, is dit nie altyd so duidelik wat God besig is om in ons lewens te doen nie. **Wanneer God Sy hande terughou, vertrou op Sy hart.** Plaas jou fokus op God se hart, Sy karakter en wie Hy is. Wie God is, verander nooit nie. As ons swaarkry en sukkel om sin te maak, dank God vir wie Hy is, en nie net vir wat Hy doen nie. **Dank God vir Sy hart, en nie net vir Sy hande nie.**

[LAASTE GEDAGTE]

Wanneer ons in moeilike omstandighede is, kyk mense van buite af in en wil sien hoe ons God dien, ook wanneer die son nie skyn nie. Wanneer ons kies om onsself te verbly in die Here, God te dank, onophoudelik te bid, al verstaan ons nie alles nie, luister mense aandagtig. Wanneer hulle sien dat ons God steeds aanbid, word God verheerlik, want

hulle leer iets nuuts oor God. Vandag, meer as ooit, het ons land gelowiges nodig wat elke dag blydskap kies. Wat kies om die Here se goedheid en nabyheid in elke oomblik raak te sien. Wat kies om aanhoudend te bid, ten spyte van die vrae, vrese en bekommernisse. Én wat kies om met ’n dankbare hart en gesindheid te leef. Mag jy daardie persoon word en wees. Amen.

GEBED: (Vertel vanoggend vir die Here dit wat in jou hart leef.)

SEËN:

Die Here sal jou seën en jou bewaar,
Die Here sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees,
Die Here sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee,
Mag Immanuel, God met ons, met jou wees in alles wat jy doen,
totdat Hy jou in Sy ewige Koninkryk laat ingaan. Amen.